



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

11 Augustus 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit
om na afloop van die erediens
saam met ons 'n koppie tee/
koffie in die saal te geniet.
Kom kuier lekker saam en leer
mekaar ken.

Kleuterbediening tydens
oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

*baie geluk aan almal wat
gedurende die maand verjaar.*

Bybelstudie:

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis**

van Lucia Erasmus

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert &

Cherése Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!

info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Ek glo dat ek na die beeld van God geskep is, daar is niemand op hierdie aarde wat dieselfde as ek is nie, met ander woorde elke vrou is uniek na die beeld van God geskep. Wat 'n voorreg is dit nie om 'n vrou te kan wees nie!

By God kry ek rus, nuwe asem en nuwe energie om te kan voort gaan met my dagtake. Hy rus my toe om die daaglikse druk te kan hanteer, want Jesus sê self: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matteus 11:28).

Elke vrou moet die vrou wees wat God wil hê ons moet wees en nie probeer om iemand anders te wees nie. Die samelewing waarin ons leef wil altyd dat ons vergelykings met ander mense moet tref, maar ons moet die gawes en talente wat God ons gee elke dag aangryp en tot sy eer uitleef.

Omhels jou vrouwees, juis dit wat jou anders maak, jou uniek maak en weet verseker dat jy 'n impak en 'n verskil maak.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ **Pieter van Zyl** wat gedurende die week in die hospitaal was en die komende week met behandeling sal begin.
- ❖ **Dot Badenhorst** wat haar arm gebreek het. Haar arm het nie aangegroei nie en sy moet vir 'n verdere 6 weke 'n slinger om haar arm dra.
- As gevolg van 'n gebrek aan belangstelling is die talent aand wat op **Vrydag, 30 Augustus 2019**, sou plaasvind gekanselleer.
- Dit is weer daardie tyd van die jaar waar **Elna Clark** voorbereidings doen om **Reddersburg Kinderhuis** te besoek. Wat kan ons as lidmate van **Ontdekkers** doen? Ons kan voorbidding doen dat die reis volgens plan sal verloop, kontant skenk of wit en grys skoolkouse saamstuur. Die ouderdom waarvoor daar kouse benodig word is vanaf 5 – 18 jaar, bydraes vir die lekkergoed pakkies kan geskenk word en kan by die kerkkantoor afgegee word.
- Die susters van die **GK Kameeldrift** hou op **24 Augustus 2019** 'n damesoggend ten bate van die **kinderhuise in Pretoria en Reddersburg**. **GK Kameeldrift** gemeente doen 'n beroep op al die **GKSA** om tot hierdie doel by te dra, want vir 17 jaar samel die gemeente donasies in. Die geskatte

inkomste van hierdie projek word reeds deel van die kinderhuise se begroting. Indien jy sou wou bydrae kan jy die duidelik gemerkte koevertjie (Kinderhuise) in die kollektiesakkie sit.



Laat toe dat God jou verbeelding aanraak – deur Stephan Joubert

“Jy verbeel jou!” Sulke uitdrukkings het aan verbeelding ’n slegte naam gegee. Vir baie mense is verbeelding eintlik net dagdromery. Dit is verbeeldingsvlugte, maar dis nie iets wat nugter en gebalanseerde mense ernstig opvat nie. Fout!

Verlede week by ’n Learning Community van Ekerk in Johannesburg het Roedolf Botha gepraat oor verbeelding as ’n deel van geloof. Dit was aangrypend. Opnuut het ek besef ons kort gesonde verbeelding, ook in ons geloofslewe. Anders word ons verbeelding ’n privaat speelterrein wat nie deur die Here aangeraak kan word nie.

Miskien help die Engelse woord “imagination” ons om reg te dink oor verbeelding. Paulus bid juis vir ’n nuwe “imagination,” ’n nuwe verbeelding wat deur die Here aangeraak is in Efesiërs 1:18-20. Hoor net: “Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is in ons elkeen wat glo.” Paulus bid letterlik hier dat die oë van ons hart sal oopgaan. Praat van ’n kragtige gebed, een wat selfs ons verbeelding vernuwe.

Ons verbeelding is nie ons eie privaatruimte nie. Ook is dit nie sleg, of onbelangrik nie. Dit is een van die Here se gawes aan ons. Dit onderskei ons van die res van die Here se skepping. Ons is mense wat by Hom die vermoë ontvang het om nuut te sien en groot te droom. Ons het die vermoë om die Here in geloof te “sien.”

Laat toe dat die Here jou verbeelding vernuwe. Dan gaan die hemele bokant jou oop. Dan beleef jy die Here regtig op nuwe maniere.

OGGENDDIENS

TEMA: Net die Seun kan God
aan ons bekend maak!

Stemmingsliedere

Sb. 1-2:1-3
Sb. 12-6:1 & 2 & 6

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Ps. 8:1-3
Geloofsbelydenis: Nicea

Versoeningsdiens

Galasiërs 5:13-26
Lied 155:1&3

Woorddiens

Gebed
Lied 258:1&3
Skriflesing: Johannes 1:1-18
Fokusvers: Johannes 1:1&18

Antwoorddiens

Gebed
Lied 255:1&2

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: Jou belangrikste taak:
Sit by die voete van Jesus!

Stemmingsliedere

Sb. 1-1:1&2
Lied 215:1&2
Lied 157:1&2

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Sb. 7-2:1&2
Lied 308:1&5

Woorddiens

Gebed
Skriflesing: Lukas 10:38-42
Fokusvers: Lukas 10:41-42

Antwoorddiens

Gebed
Sb. 19-3:1-3

Groetseën

AMEN

Sb. 565:1-3